Afrikaanse Toekomstrust
-Hulp met Hart-

INLIGTINGSBLAD

Toekomstuiste

Die Afrikaanse Toekomstrust bedryf en bestuur die Toekomstuiste. Die Toekomstuiste bied permanente pleegsorg (Kinderwet 38/05) aan.

Die Toekomstuiste oorweeg alle aansoeke. Let wel dat Artikel 240 van die Kinderwet no 38/05 voorsiening maak vir die godsdienstige en kulturele agtergrond van kinders, biologiese ouers en voornemende substituut-ouers. Dit sal in ag geneem word wanneer n plasing oorweeg word. Die huisouers, ondersteuningsnetwerk en skole is Afrikaans.

Doelstelling en Doelwitte:

Die Toekomstuiste wil vir kinders in ons sorg 'n veilige, geborge en liefdevolle tuiste bied waarin hulle kan ontwikkel ten einde as gebalanseerde en selfversorgende volwassenes hulle plek in die samelewing vol te staan.

Die model maak voorsiening vir 'n studiebeurs van die Afrikaanse Toekomstrust en 'n ondersteuningstelsel nadat die kind die matriek slaag.

Algemene inligting:

Ouderdom: 0-13 jaar. Kinders, soos omskryf in die Kinderwet, Nr 38 van 2005, word in ag geneem vir moontlike plasings, afhangende of daar aan sekere vereistes voldoen word.
Beskikbare skole in die omgewing: o Laerskool Louis Leipoldt o Laerskool Doringkloof
Spesiale vereiste: Kinders met fisiese gestremdhede sal oorweeg word op meriete, en afhangende of die kind 'n plasing in een van bogemelde skole kan kry.
Kinders van ouers wat in die Tshwane omgewing woon, sal voorkeur geniet.

Afrikaanse Toekomstrust
-Hulp met Hart-

Psigiatriese pasiënte sal individueel op meriete oorweeg word. Sodanige aansoek moet vergesel word van 'n psigiatriese verslag waarin daar melding gemaak word van die diagnose, welke behandeling die kind reeds ontvang, en welke alternatiewe behandeling die kind ookal moet kry. Indien 'n kind 'n gevaar vir homself (of haarself) en vir ander is, en geen skoolplasing beskikbaar is nie, sal die aansoek afgekeur word.

Kinders wat nie geskik is vir plasing by die Toekomstuiste nie:

- ☹ Kinders met 'n ernstige dwelm / alkoholprobleem;
- ☹ Kinders wat swanger is of reeds 'n kind het;
- ☹ Kinders wat 'n kriminele agtergrond het;
- ☹ Kinders wat 'n gevaar vir hulself en ander is;
- ☹ Kinders wat voorheen skuldig bevind is aan enige seksuele oortreding teenoor ander kinders;
- ☹ Kinders wat nie in 'n skool geplaas kan word nie as gevolg van die kind wat te veel afwesig is, en wat moeilik aanpasbaar is.
- ☹ Ook wanneer die kind te oud is vir die graad waarin hy/sy veronderstel is om te wees;
- ☹ Kinders wat gereeld dros;
- ☹ Kinders wat nie gemotiveerd is om skool by te woon nie;
- ☹ Kinders wat nie in staat is om aan te pas tot 'n gesonde, normale struktuur nie, en wat nie gehoor gee aan basiese reëls en dissipline nie;
- ☹ Kinders met 'n gedragsversteuring;
- ☹ Kinders wat reeds in 'n nywerheidskool opgeneem was.

Toekomstuiste se struktuur en oprigting:

- ✓ Die Toekomstuiste kan 6 kinders akkommodeer.
- ✓ Die Toekomstuiste is 'n woning.
- ✓ Die pleegouers sien voltyds om na die kinders, terwyl 'n assistent instaan om te help met die versorging van die kinders.
- ✓ Die kinders word geplaas in skole in die omgewing, waarvan sommige skole loopafstand van die woning is.

- ✓ Die Toekomstuiste beskik oor 'n maatskaplike werker wat die statutêre dienste verrig. Die maatskaplike werker is verantwoordelik vir die optrek, toepassing en bestuur van 'n ontwikkelingsplan vir elke kind.
- ✓ In sommige gevalle waar kinders arbeidsterapie en/of spraakterapie kry, of 'n sielkundige sien, sal dit deur eksterne terapeute gedoen word. Soms word die diens teen 'n verlaagde tarief gedoen, maar die vervoer en koste van die terapie kan duur word. Eksterne terapie word dus gereël na aanleiding van beskikbare fondse. Daar is soms die verwagting dat 'n getraumatiseerde kind onmiddellik terapie moet kry – dit is ongelukkig nie altyd haalbaar nie.
- ✓ Elke maatskaplike werker bied terapeutiese aktiwiteite aan om bepaalde doelwitte vir elke kind te bereik.
- ✓ Kinders beskik nie oor 'n mediese fonds nie, en word dus na Staatshospitale en klinieke geneem.

Aansoekproses:

Inligting:

- Wanneer 'n aansoek voltooi word, moet die korrekte inligting verskaf word.
- Die maatskaplike werker wat aansoek doen moet teenwoordig wees wanneer die kind geplaas word by die Toekomstuiste.
- Die maatskaplike werker wat die kind plaas moet die kind vooraf goed voorberei, en moet aan die kind verduidelik waarom die kind geplaas word.
- Die korrekte dokumentasie moet voorsien word tydens die plasing.
- Besoektye (op meriete) met die biologiese ouers kan gereël word deur middel van die maatskaplike werker.

Plasing:

- ✓ Voltooi die aansoekvorm;
- ✓ Stuur die aansoekvorm, tesame met al die relevante dokumente, insluitend die kind se oorspronklike geboortesertifikaat, aan dinah.theron@afrikaansetoekomstrust.org;
- ✓ Indien die aansoek korrek voltooi is, sal dit aan die Plasingskomitee van die Raad voorgelê word vir oorweging;
- ✓ Die Raad sal terugvoer gee binne 5 dae na ontvangs van die aansoek;

- ✓ Indien die aansoek suksesvol is sal daar skriftelik gekommunikeer word met die aansoeker, en die nodige dokumente sal aangevra word.

Neem asseblief kennis van die volgende:

Die Beheerraad se besluit is gegrond op die inligting soos vervat in hierdie aansoek. Indien inligting weerhou of uitgelaat word, wat die dienslewering of werking van die Toekomstuiste benadeel, behou ons die reg voor om die plasing summier te staak.

Alle plasings is onderhewig aan 'n 3 maande proeftydperk waarbinne die plasingsproses, aanpassing van die kind/ers en die samestelling en voeging van die pleegouers en ander kinders gemonitor sal word.

Alle verslae ten opsigte van die kind/ers se fisiese, geestelike en maatskaplike agtergrond en vorige behandeling moet hierdie aansoek vergesel.

Hulp met hart groete

Dinah Bronkhorst
Uitvoerende Hoof: Afrikaanse Toekomstrust

Afrikaanse toekomstrust. Centurion Science Park, Fase 2, Deel van 1ste vloer kantore | Pretoriuslaan 1001 | Lyttelton Manor | 0157
Selfoon: 072 126 1158 | **Epos:** dinah.theron@afrikaansetoekomstrust.org
Prof Oppel Greeff, Dr Danie Langner, Me Dinah Theron